

4 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 29:1-31:1
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 30:1-13, 21-27

Dis nooit te laat vir ware beskerming nie

Dinge sou nooit weer dieselfde wees nie. Die tyd van streekpolitiek was vir altyd verby vir Juda. Tot dusver kon Juda soms nog sy vyande verslaan omdat die hulle streeksmoonhede was. Nou verskyn Assirië op die toneel – die eerste groot moonheid, wat alle weerstand voor hom platvee. Juda word ingetrek in die internasionale politiek. Van nou af is om op goeie voet met die sterkste land te wees belangriker as jou eie militêre krag en die versterking van jou stede.

Koning Hiskia (Jehiskia) beleef die ineenstorting van wat eens die ryk van Dawid was. Sy noordelike buurman, koning Hosea, word deur die Assiriërs gevang (2 Kon 17:4). In Hiskia se vierde regeringsjaar word die hoofstad van die Noordryk, Samaria, omsingel en na drie jaar ingeneem (2 Kon 18:9-10). Die bevolking word weggevoer. In Hiskia se veertiende regeringsjaar kom die stede van Juda aan die beurt. Uiteindelik sit Hiskia en 'n deel van sy volk in Jerusalem soos voëls in 'n hok opgesluit.

Die droom van 'n herstelde koninkryk van Dawid is vir goed verby. In hierdie tyd van groot aanpassings gee die Here aan sy volk 'n merkwaardige koning: Hiskia. Soos Dawid bemoei hy hom met sang en lofliedere. Soos Salomo versamel hy spreuke, onderneem hy bouwerke, en organiseer hy die tempeldiens.

Sy grootste bydrae is dat hy onmiddellik toe hy koning word, die tempel laat skoonmaak en dit weer in gebruik neem. Vir oulaas, voor die groot ramp, roep hy God se volk (ook van die noordelike stamme) op om hulle te bekeer (30:6). Paasfees word gevier en die feesgangers besluit self om die fees met 'n week te verleng. Op pad terug vernietig feesgangers heiligdomme van afgode (31:1).

Dis nooit te laat om jou tot die Here te bekeer nie. Hy is genadig en barmhartig. Hy sal nie afsydig staan as ons na Hom toe terugkom nie (30:9, vgl 30:27).

Sing: Psalm 99:1,5

Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)